# Kwaliteitsversekeringbenaderings en -instrumente 711 (QPI 711)

| | |
|---|---|
| **Kwalifikasie** | Nagraads |
| **Fakulteit** | Fakulteit Opvoedkunde |
| **Modulekrediete** | 16.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Akademiese organisasie** | Wet, Wisk en Tegnologie-ond |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Hierdie module is ontwerp om verskaffers van onderwys, opleiding en ontwikkeling (OOO) toe te rus met ‘n grondige kennis aangaande kwaliteitsversekering-, assessering- en akkreditasievereistes binne die konteks van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) se uitkomsgerigte onderwys- en opleidingsisteem. Dit het ook ten doel om OOO-verskaffers in staat te stel om ‘n kwaliteitsversekeringsisteem vir onderwys en opleiding in die praktyk te ontwikkel en te bestuur wat langtermyn akkreditasie sal verseker. Studente sal ‘n vermoë om die konsepraamwerk van die kwaliteitsbestuursisteem toe te pas te demonstreer asook begrip vir die sleutelrolle en funksies van bestuurders in die ontwerp en kontrole van die kwaliteitsbestuursisteem demonstreer.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.